Ki-Deo Nuusbrief

JUNIE 2014

Om te kan behoort

Ek het die afgelope tyd net weereens besef hoe belangrik dit vir elke kind is om te kan behoort, hoe graag hulle 'n mamma of pappa, ouma, oupa, oom en tannie in hul lewens wil he! Daar sit so 'n groot gat waar daar veronderstel is om familie te kan wees en is daar nie regtig iets of iemand wat 'n eie mamma of pappa kan vervang nie. Maak nie saak wie of wat hulle is nie, daar was tog ook goeie tye!

Hier by Ki-Deo het die meeste van ons kinders geen kontak met enige familie nie, het hulle alle herinnering van hul kleintyd net eenvoudig geblok en kan hulle niks onthou. Kan meeste van hulle nie eens meer hul eie ouers se name, waar hulle gebly het, hoe hulle gelyk het, ens onthou nie!

Twee van ons kinders het nog ouers wat kom kuier en raak dit die ander wie nie familie het nie, ongelooflik baie! Hulle wil net so graag he dat iemand ook vir hulle moet kom kuier!

Gisteraand het ons gesit met 'n dogtertjie wat begin het met terapie en het hulle herkomsterapie begin, want sy wil tog net so graag weet van die tyd wat sy nog so bitter klein was, die tyd toe sy nog by mamma en pappa gebly het want sy kan niks daarvan onthou nie. Haar hartjie was maar baie seer oor al die inligting en wil sy net graag iewers behoort! Die groot seer is wanneer almal by die skool praat oor hul eie mamma en pappa, ouma en oupa en hulle kan nie saam gesels nie!

Ek en Hein het toe met haar gaan sit en verduidelik dat alhoewel ons nie haar eie mamma en pappa is nie, ons net so lief is vir haar soos 'n eie mamma en pappa. Sy is met 'n wettige bevel in ons sorg geplaas en mag sy maar van ons by haar maatjies praat as haar mamma en pappa, mag sy vertel wat ons gedoen het oor vakansies, naweke, ens. Ek vertel haar toe van ons familie wat almal in die Kaap bly, en dat sy maar mag vertel dat sy 'n ouma en oupa in die Paarl het en nog 'n ouma en oupa in Kuilsrivier, baie ooms en tannies wat ook in die Kaap bly.

Vra haar toe of sy ons iets anders as oom en tannie wil noem, sodat sy kan voel dat sy behoort en so tussen die traantjies, knip sy toe haar koppie. Ek vra haar toe wat sy ons graag wil noem en haar antwoord was Mamsie en Dadsie! Se haar toe dat dit doodreg is met ons en dat sy ons maar so mag noem, die glimlaggie wat deur die traantjies gebreek het, was net kosbaar, want nou kan sy ook behoort.

Vanoggend was dit 'n ander dogtertjie wat opgestaan het, een met 'n glimlaggie op haar gesiggie, want sy behoort nou en daar is iemand wat sy Mamsie en Dadsie kan noem!

Dit is sulke tye wat my hart breek vir hierdie kinders! Jy kan hulle oorlaai met geskenke, vakansies, en allerande ander dinge, maar hulle wil net behoort, hul eie mamma en pappa he!

Ek is die Here so dankbaar vir my wonderlike ouers wat ons oorlaai het met liefde, omgee en daarwees! Wat 'n voorreg om in 'n gelukkige huis te kon grootword, dat ek kon behoort!

Kontakbesonderhede:

Tel: 012 644-2524
Sel: 083 696 8600
E-pos: theresag@ki-deo.co.za
www.ki-deo.co.za

Ons is ook op FB, volg ons daar!

Belangrike Nommers:

NPO reg no.: 000-762
WO no.: 11 02 0059
PBO.: 18/11/13/1456

Bankbesonderhede:

ABSA Rek no.: 10500 40654
Verw.: MSK-KH

Ons is 'n geregistreerde organisasie en kan jou voorsien met die nodige artikel 18A sertifikaat indien nodig vir belasting-doeleindes!

Help ons asseblief met die volgende kruideniersware op ‘n maandelikse basis:

Suiker
Koffie (Ricoffy)
Tee (Rooibos)
Pasta
Rys
Two-Minute-Noodles
Tamatie– en Uiesmoor
Tamatiepuree
Speserye
Sout en Peper
Geblikte ertjies
Baked Beans
Sweetcorn
Tuna
Bully Beef
Oats
Kitspappe
Margarine
Peanut botter
Stroop
Bovril
Kaassmeer
Konfyt
Aanmaak koeldrank
Mayonnaise
All Gold Tamatiesous
Chutney
Sweet Chilli Sous
Skoonmaakprodukte:
Handy Andy
Domestos
Mr Min
Mr Muscle
Toilet Duck
Jeyes Bloo blokkies
Jeyes Fluid
Skottelgoedwasser seep
Swart sakke
Swart skoenpolitoer
Skuursponsies
Staalwol
Waslappies
Afdrooglappe
Eiers
Melk
Kaas
Weense Worsies
Sousboontjies
Beet
Vars groente of gevriesde groente
Vrugte

Projekte

Ons is vreeslik opgewonde, wil ‘n paar DIY probeer aanpak. As jy dalk ‘n ledige Saterdag het of net voel dat dat jy graag wil help of dalk kontakte het, is jy baie welkom om ons te kontak vir enige van die volgende:

- Klimrame moet geverf word en speelarea vir die kleiner dogtertjies wil ons mooi maak met vlaggies, hoepels met klokkies en lint, sommer net hul speelarea opvrolik! Benodig verf vir klimrame.
- Die swaaie moet oorgebou word, die boom het destyds ons swaaie stukkend geval en het ons net ‘n tydelike swaai opgesit. Soek ‘n groot vragmotor buiteband, motorbuiteband en 2 swaaie. Houtpale en hout om raam van te maak.
- Voorste gedeelte van die tuin oor te doen, koi dam moet opgevul word met sand, gaan plante gesponser kry!
- Wil graag ‘n buitebraai naby die swembad bou en dit weer ‘n lekker kuierarea vir ons (Ki-Deo gesin) en ook tieners wanneer hulle maats oornooi. Benodig bakstene, as iemand dalk iewers ‘n kontak het vir bakstene, sement en sand.
- Benodig enige afval stukkies lap, knope, linte, wol, krale, ens vir arts en crafts by die huis om kinders besig te hou!

Foto’s van ons vakansie by Sondela, dankie aan almal wat dit help moontlik maak het!

Ons benodig mense wat bereid is om maandeliks op die volgende maniere betrokke te raak:

- Maandelikse finansiële bydraes
- Eenmalige finansiële bydraes
- Bydrae tot ons emmerprojek , dit is kruideniersware en skoonmaakprodukte
- Hulp met kinderpartytjies
- Naweek– en Vakansie Ouers
- Bederf die kinders met uitstappies, uiteet of wegneemetes
- Help met take of huiswerk in die middae
- Help met fondsinsamelings
- Bouprojek: herstelwerk aan huis wat dringend noodsaaklik is.

Kinders se Verjaarsdae:

2 Januarie: Shawn (13)
4 Februarie : Madelein (11)
21 Februarie: Brandon (13)
27 Maart: Helen (16)
10 Mei: Lucia (10)
6 Junie: Danell (12)
12 Julie: Angelo (14)
31 Augustus: Bernadette (18)
9 Oktober : Fransisca (17)
18 Desember: Monique (18)
31 Desember: Moniqe (11)

Huidiglik het ons groot finansiële uitdagings met kinders wat in terapie is en ook hul medikasie wat ‘n aansienlike bedraggie per maand beloop. Brandstof raak al hoe duurder en ons skole is ver uitmekaar. Net daaglikse melk en brood raak al hoe duurder, dus as enigeen kan help met ‘n maandelikse bydrae sal dit baie waardeer word. Ons is ‘n geregistreerde organisasie met die nodige NPO nommer asook BEE sertifikaat en kan jou bydrae teruggeëis word vanaf die Ontvanger! Maar ook hierdeur help jy om ‘n verskil te maak!